

6 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 23:23-39 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 23:37-39

Gekrenkte liefde

Het iemand vir wie jy baie lief is jou al ooit in die rug gestee? Jy weet watter hartseer jy deurmaak as jou liefde vertrap word! Maar die leed wat die Jode, Jesus se besondere eiendom (Joh 1:11), Hom aangedoen het, sal ons nooit kan peil nie. Dwarsdeur sy bediening het Jesus met soveel liefde na Israel uitgereik. Oor drie dae gaan sy volk in 'n koor skree: "Kruisig Hom!" Hulle het Jesus finaal verwerp. Die straf van God oor hulle was nou 'n voldonge feit. In 70 nC het Jerusalem 'n puinhoop geword.

Jesus het klaar gely en vir ons sondes betaal. Ons kan nie meer iets by sy lyde voeg nie. Maar daarmee het die smadelike verwerping van Jesus nie opgehou nie. Soveel mense wat "een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het" draai vandag teen Jesus Christus. Hulle kruisig die Seun van God weer en maak Hom in die openbaar tot 'n skande (Heb 6:4-6).

Ons sien vandag telkens hoe mense wat voorheen gelowig was, die rug op Jesus draai. Dit verbyster ons. Ons weet met hartseer wat die ontsettende gevolge is (Heb 6:7,8).

Wees waaksaam en bid dat dit nooit met jou en jou dierbares sal gebeur nie!

Sing: Skrifberyming 38:2,3

Ds APC Duvenage (Emeritus)